PRIMêRE SKOOL NAUDEVILLE
JAARVERSLAG 2017

Geagte mnr. Doors Kruger, voorsitter van die Beheerliggaam en mev. Kruger. Geagte lede van die Beheerliggaam en hul gades, hoërskoolhoofde, kollegas, ouers en kinders.

Dit is vanjaar die 36ste jaarverslag van Naudeville. Dit is 'n besondere voorreg en groot genade om dit aan u voor te hou.

1. BEHEERLIGGAAM:

Die Beheerliggaam bestaan uit die volgende lede:

• Voorsitter	: Mnr. Doors Kruger
• Ondervoorsitter	: Ds. Rika van Staden
• Ouerlede	: Mnr. Kevin Basson
	: Mnr. Naas Maritz
	: Mnr. Evan de Beer
• Onderwyspersoneel	: Mnr. Tommie Doubell (Skoolhoof)
	: Mnr. Danie Serfontein
	: Me. Nahlita van Rooyen
• Nie-onderwyspersoneel	: Me. Attie Klaasen
• Gekoöpteerde lede	: Me. Salomé van der Merwe
	: Mnr. Abè Gouws

Die Beheerliggaam is gedurende Maart 2015 verkies en hul termyn verstryk in Maart 2018.

Baie dankie aan die Beheerliggaamlede vir onbaatsugtige diens gelewer.

1.1 Finansiële komitee:

Hierdie komitee bestaan uit die volgende lede:

- Voorsitter : Mnr. Doors Kruger
- Sekretaresse : Me. Elzette Fourie
- Lid : Mnr. Tommie Doubell (Skoolhoof)
- Gekoöpteerde lid : Mnr. Gert van Staden

Die finansiële komitee vergader maandeliks om sodoende kontrole te hê oor die skool se inkomste en uitgawes en om te verseker dat daar by die begroting gehou word. Daar word ook verseker dat al die skool se finansiële verpligtinge nagekom word.

Die komitee is ook verantwoordelik vir die opstel van die jaarlikse begroting. Hierdie begroting is deur die Beheerliggaam asook deur die teenwoordige ouers op 'n ouervergadering, gehou op 31 Oktober 2017, goedgekeur.

Baie dankie ook aan Me. Elzette Fourie, Yolandi Pieterse, Attie Klaasen en Petro Ellis vir hul deeglike en noukeurige hantering van skoolgelde asook die boekhouding daarvan.

1.2 Oudervereniging:

- PROJEKTE GEHOU

SKUURDANS. 'n Lekker samekoms gewees. Die gasvrouens was as volg gewees, 55% preprimêr, 30% besighede en 15% laerskool. Die wins vir die aand was R 31 000.00.

KONTREIFEES. Ouers help met die beplanning, reël van die konsert en kry borge vir drink-en eetgoed vir vier orkeste. Ouers help uit met die kraampies sowel as met die tafeldoeke. ‘n Kontreifees vir die boeke.

NUWE DOGTERS BADKAMER PROJEK. Ouers het die dogters se badkamer skoon en reggemaak, uitgeverf, spieëls en nuwe gordyne gehang.

PRETLOOP. Die ouers help by die snoepie en help met die braai. Die pretloop se verkope van waatlemoen en mielies word op Gold fm uitgesaai. Die wins vir die waterdag was R 83 592.00.

VERGROTING VAN SKOOLINGANG. Baie dankie aan Kobus wat ons gehelp het om die ingang by die tennisbane te vergroot.

NAUDEVILLE TRUST GHOLFDAG. Hierdie nuwe projek was ‘n reuse sukses. Meer as ‘n 100 gholspelers het deelgeneem. Die ouers het borge ingesamel en self deelgeneem aan die dag.

B-SPAN RUGBYDAG. Mnr. Krappie se breinkind. Die ouers help uit by verskeie kos en koeldrank stalletjies.

PANNEKOEK VERKOPE. Martie Kruger en haar span het verskeie verkope gehou deur die jaar en die saal se nuwe gordyne afbetaal.

ENGELEFEES & KERSMARK. Hierdie nuwe projek beloof om groot pret te wees met verskeie ouers wat engele gaan bou.

- TEN AFSLUITING

Ek wil vir elke ouer wat so hard gewerk het hierdie jaar, baie dankie sê, sonder julle bydrae kon ons projekte nie ‘n sukses gewees het nie. Dan wil ek ‘n groot dankie sê vir mnr. Doubell se ondersteuning en raad deur die jaar.

1.3 Reklame:

Ons D6 en Facebookblad word gereeld opgegradeer en word gereeld deur ouers besoek.

Baie dankie aan mnr. Hendrik Janse van Rensburg, mnr. Krappie Labuschagne, mej. Lizande Myburgh en me. Lizelle Bezuidenhout vir die werk ingesit op die skool se profiel.

2. KOMMUNIKASIE:

2.1 Oueraande:

Drie oueraande is deur die jaar gehou waartydens ouers hul kinders se rapporte kan afhaal en dan ook ‘n gesprek voer met die betrokke onderwysers.

2.2 Inligtingsaande:

Gedurende Januarie is inligtingsaande gehou waartydens ouers ingelig is oor die werkwyses in die Preprimêre afdeling, Grondslagfase, Intermediêre fase en Seniorfase.

2.3 Inligtingskoeverte:

Deur die loop van die jaar is die Naudienuus deur middel van hierdie koeverte huis toe gestuur. Skoolrekeninge is ook met behulp hiervan aan u besorg.

3. PERSONEEL:

3.1 Samestelling:

Primêre afdeling:

Die personeel vir 2017 was as volg saamgestel:

- 1 Skoolhoof
- 2 Departementshoofde
- 29 Leerkragte (12 Beheerliggaamposte)
- 3 Sekretaresses (2 Beheerliggaam)
- 4 Algemene assistente (2 Beheerliggaam)
- 5 SBO-studente (Beheerliggaam)

Preprimêre afdeling:

Die personeel vir 2017 was as volg saamgestel:

- 1 Fasehoof
- 6 Onderwyseresse (6 Beheerliggaam)
- 6 Assistente (Beheerliggaam)

3.2 Dienslewering:

3.2.1 Sport:

Mnr. Tommie Doubell:	Addisionele lid – Griffons Laerskole Rugby keurder – Goudveld Rugby 0/12 Sekretaris - Goudveld Rugby Sekretaris – Noord-Vrystaat swem Addisionele lid - Goudveld Prinsipaalsvereeniging
Mnr. Danie Serfontein:	Sekretaris - Lejweleputswa Junior Krieket Keurder 0/11 - Vrystaat Junior Krieket Keurder 0/11 - Lejweleputswa Junior Krieket
Me. Erica Jansen:	Voorsitter – Noord-Vrystaat Swem

3.3 Professioneel:

Mev. Salomé van der Merwe	:	Skoleverteenwoordiger SAOU Goudstreek
Mnr Tommie Doubell	:	Verteenwoordig die Goudkring op die Provinsiale bestuur van die SAOU

3.4 Dank:

Ons personeel is ‘n wenspan en gee die pas aan in die Goudveld. Onderwys is vir hulle ‘n roeping en passie en dit word uitgeleef in die klaskamer en op die sportgronde.

4. SKOOLLEIERS:

Die leerderraad bestaan uit die hoofseun, hoofdogter, onderhoofseun, onderhoofdogter en 10 ander leerderraadslede.

Onder leiding van Zivan de Beer en Elzandri Nortje het hierdie leerderraad ‘n mooi voorbeeld gestel en ons skool se naam pragtig uitgedra.

5. AKADEMIE:

Die skool se slaagsyfer aan die einde van 2016 was as volg :

GRAAD	Kandidate	% Slaagsyfer
Graad 1	**83**	**97%**
Graad 2	**87**	**98%**
Graad 3	**79**	**98%**
Graad 4	**73**	**93%**
Graad 5	**47**	**100%**
Graad 6	**66**	**93%**
Graad 7	**60**	**98%**

5.1 Studieklas:

Die studieklas is gedurende 2016 geprivatiseer. Onderwysers van die skool, sowel as assistente het die studieklas behartig en ‘n baie groot sukses daarvan gemaak.

Sodoende word ‘n groot aantal leerders van ons skool op ‘n professionele manier met hul huiswerk gehelp. Hierdie leerders is dan ook by die skool om in die middae buitemuurse aktiwiteite by te woon.

Ouers kan gerus voel dat hul kinders in die veilige omgewing van die skool versorg is en dat hul huiswerk goed en deeglik gedoen word.

6. FISIESE FASILITEITE:

6.1 Geboue:

Die busstoor is voltooi tydens die jaar. Die skool se alarmstelsel is opgegradeer.

6.2 Terrein:

6.2.1 Graad 2-4 Badkamers

Aan die mamma’s en pappa’s wat so hard gewerk het om die graad 2-4 badkamers so mooi te maak wil ons ook graag bedank. Dit is helder kleurig en skep ’n gevoel van vrolikheid in die badkamer

6.2.2 Sportterrein

Die skool beskik oor 2 rugbyvelde; 4 weervaste tennis/netbalbane; ‘n gras atletiekbaan en ‘n permanente pawiljoen, 1 krieketkolfblad en 4 krieketnette en ‘n Diskus sirkel.

Die speelterrein van die Grondslagfase is voltooi.

6.3 Voertuie:

Die skool beskik oor ‘n Toyota Quantum bussie en ‘n Iveco bussie. Die skool beskik ook oor ‘n Ford bakkie, asook ‘n trekker en 2 sleepwaentjies.

6.4 Rekenaarsentrum:

Die sentrum word deur Stimulus Maksima bedryf. Leerders vanaf graad 1 tot 7 ontvang 2 maal per week lesse in leesontwikkeling en Wiskunde. Hierdie lesse maak werklik ‘n verskil in die leerders se ontwikkeling.

7. SKOOLGELDE:

Skoolgelde vir 2018 is as volg:

Primêre afdeling:	R 9350-00 per jaar (R 850-00 pm x 11 maande)
Preprimêre afdeling:	**Voldag:**
	R 12 100-00 per jaar (R 1100-00 pm x 11 maande)
	Halfdag:
	R 10450-00 per jaar (R 950-00 pm x 11 maande

8. KLERE- EN SNOEPWINKEL:

Hierdie winkels word deur me. Attie Klaasen bedryf. Dit is 'n onmisbare deel van dienslewering aan ons leerders en ouers.

Baie dankie aan me. Klaasen vir haar diens.

9. ARBEIDSTERAPIE:

Arbeidsterapie het in Maart 2015 by Primêre en Preprimêre Skool Naudeville begin. Arbeidsterapie behandeling word gratis aan die leerders gebied en fokus hoofsaaklik op alle Graad R tot Graad 3 leerders.

Ons het hierdie jaar gefokus op die Graad R leerders se skoolgereedheid evaluasies asook die nodige formele visuele en perseptuele evaluasies in die grondslagfase soos deur die onderwyser verwys.

Spesifieke leerders in elke klas het weekliks ingeskakel by groepbehandeling en ook individuele behandeling. 'n Ander komponent waar die Arbeidsterapeut betrokke is, is by die grondsalgfase se liggaamlike opvoeding om elke graad se grofmotoriese vaardighede meer terapeuties aan te bied.

Die jaar het mnr. Krappie wat ook betrokke is by ons skool se sportontwikkeling deel gevorm van die liggaamlike opvoeding.

Ons Arbeidsterapeut bied ook spelterapie aan leerders wat dit baie nodig het. Dit was duidelik om te sien hoe groot behoefte daar in hulle emosionele ontwikkeling en ondersteuning is.

Arbeidsterapie in samewerking met die onderwysers, het soveel waarde tot die skool se hulp en ondersteuning aan die leerders gevoeg en daar word met opgewondenheid uitgesien na nog hoogtes wat bereik kan word in die nuwe jaar.

10. LSEN-KLAS:

Die intensiewe remediërende klassie vir graad 1-3 is spesifiek begin vir leerders wat probleme ondervind om in die hoofstroom aan te pas as gevolg van verskeie faktore.

Die leerders in hierdie klassie volg dieselfde kurrikulum as die leerders in die hoofstroom, hulle doen die kurrikulum net op hulle eie tyd.
Die leerder bly nog steeds deel van sy/haar groep. Hulle gaan saam met 'n klas uit vir Suid-Sotho, LO asook rekenaars. Hulle woon ook saalopeninge en Naudies vir Jesus by.

Die onderwyseres werk ook nou saam met die RO-juffrou, die Arbeidsterapeut en ook die GSF-onderwyseresse.

11. KULTUUR:

11.1 Koor:

Die koor maak ons harte trots!

Vanjaar het die Senior koor deelgeneem aan Goudveld se Kunstefees en baie goed presteer. In die derde kwartaal het die koor deelgeneem aan Gimnasium se Koorfees. Dit was voorwaar ‘n wonderlike ervaring! Ons almal sal hierdie aand nog lank onthou.

Die Junior Koor het luister verleen aan vanjaar se Graad 1-dag.
Beide kore het ook deelgeneem aan die Preprimêr se Engelefees.

Met ons Prestige-aandoptredes sluit ons, ons jaar se optredes op ‘n luisterryke wyse af!

11.2 Redenaars

11.2.1 Redenaars Graad 1 en 2:

Die graad 1 leerders kan vanaf die tweede kwartaal by die skool se redenaars inskakel. Hier word leerders geleer om toesprake met selfvertroue voor gehore te lewer. Redenaars word een keer per week, na skool aangebied. Elke kwartaal kry die leerdertjies geleentheid om aan die skool se Redenaaraand deel te neem.

Gedurende 2017 kry leerders die geleentheid om deel te neem aan die ATKV redenaarkompetisie.

Die redenaars kry ook geleentheid om aan die ATKV Redenaarkompetisie in Bultfontein deel te neem. Hier neem Henrè Rossouw en Jandrè van Brakel deel.

Jandrè van Brakel word as die wenner van die GF Redenaars aangewys. Ons is baie trots op hom. Hy het hom uitstekend van sy taak gekwyt.

Die Graad 1 en 2 redenaars kry ook die geleentheid om in die vierde kwartaal deel te neem en mee te ding om die Grondslagfase trofee (Gr.1 tot 3)

Redenaars gee leerders die geleentheid om met ‘n voorsprong deur hul skoolloopbaan te gaan, omdat hulle reeds op ‘n vroeë ouderdom leer om hul saak met gemak te stel. Dit leer hul selfdissipline en selfvertroue aan wat van onskatbare waarde in die lewe van vandag is.

Redenaars verg ook deursettingsvermoë om hierdie intensiewe leerwerk voor te berei, Hierdie leerders is baie spesiaal, aangesien baie tyd en opoffering in die uitwerk, leer en afronding van die toesprake gesit word. Dit kweek weer verdere vaardighede vir die lewe vorentoe.

11.2.2 Redenaars Graad 3 en 4:

Hierdie jaar het ons hard geswoeg en sweet by die redenaars. Aan elke moontlike kompetisie wat daar was, het ons deelgeneem . En ek met trots sê dat my redenaars die os ordentlik deur die wa getrek het. Op elkeen van hulle is ons baie trots , want om ’n redenaar te wees vereis baie harde werk en uithouvermoë.

Ons heel eerste aand was ons bekendstellingsaand en daardie aand was daar nie eers een bang haar op hulle koppe nie. Ons was ook bevoorreg deelneem aan die ATKV – Kompetisies die een was in Bloemfontein en die ander een in Bultfontein. By albei byeenkomste het ons met Naudie gees gaan deelneem al het ons nie gewen of ‘n plek gekry nie , was die ondervinding en ervaring vir ons goed genoeg.

Ons sluit hierdie jaar af met ‘n groot redenaar aand by ons skool waar ons praat vir die beste grondslag- en intermediêre beker. Ons werk nog hard daaraan , maar in Juffrou se oë is elkeen klaar ‘n wenner.

Liewe ouers moedig jul kinders aan om te kom deelneem aan die redenaars dit is baie goed vir selfbeeld en selfvertroue .Ek sien daarna uit om nog meer redenaars te verwelkom en te leer ken

11.2.3 Redenaars Graad 5, 6 en 7:

Ons het 2017 afgeskop met 5 Senior redenaars, wat end-uit entoesiasties aan kompetisies deelgeneem het.

Mathew Delport (Gr. 6), Christiaan Erasmus (Gr. 7), Zivan de Beer (Gr. 7), Elene Kemp (Gr. 7) en Carla Schmidt (Gr. 7) het deur die jaar deelgeneem aan ons skool se redenaaraande.

Die volgende 3 redenaars het in Bultfontein aan ‘n kompetisie deelgeneem: Carla Schmidt, Zivan de Beer en Mathew Delport. Carla het derde in haar kategorie geëindig.

By die ATKV-redenaarkompetisie in Bloemfontein het 4 van ons senior redenaars deelgeneem en het teen top-redenaars van die streek gekompeteer. Hulle was Mathew Delport, Zivan de Beer, Elene Kemp en Carla Schmidt.
Ons is baie trots op ons senior redenaars, wat met selfvertroue en oortuiging hulle standpunte kan stel en beredeneer.

11.3 Naudies vir Jesus:

Gedurende 2017 het die skool voortgegaan om Naudies vir Jesus aan die leerders van die skool aan te bied. Die persone verantwoordelik hiervoor is me Zanelle Blignaut en Louisa Burger. Die program word elke tweede Woensdag aangebied volgens ‘n uitgewerkte program . Die alternatiewe Woensdae vind daar ‘n toepassing van die lessie in groepies plaas en die klasonderwysers is dan hiervoor verantwoordelik.

N4J is ‘n hoogtepunt van die week en soveel leerders vind baat by die informele, heerlike manier om meer van ons wonderlike God die Vader, Jesus Christus ons verlosser en die Heilige Gees te leer en ervaar.
Gedurende die eerste kwartaal het Me. Heidi McLaren en haar span, wat betrokke is is by Kinderbediening ‘n baie genot- en suksesvolle Jesusweek aangebied. Vir ‘n week lank, elke oggend in die saal is leerders en personeel deur die woord bedien. Aangesien hierdie alles op die klein kind se ouderdomsvlak geskied, is die waarde nie in geld berekenbaar nie en het hierdie week saam met die kinders ewigheidswaarde. Hul aandag en konsentrasie is absoluut vasgevang deur ‘n bobaas storieverteller, en hulle, sowel as die personeel kon nie wag vir die volgende dag om te hoor wat gebeur het nie.

Ons by Naudeville is in ‘n baie bevoorregte posisie om blootstelling te hê aan die woord en liefde van Jesus Christus en ons loof en prys Hom daarvoor

Matt 19:14 “ Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle.”

11.4 Entrepreneurs:

‘n Suksesvolle entrepreneursdag is gedurende die derde kwartaal in die buitelug gehou. Dit was ‘n geleentheid vir die graad 7 leerders om te wys wat in hulle steek ten opsigte van besigheidsvernuf, handvaardigheid en inisiatief.
Pragtige idees het na vore gekom en die leerders het dit terdeë geniet.

Dit vorm deel van die Kurrikulum van EBW waarop die leerders geasseseer word.

11.5 WOW-Spelfees(Woorde open wêrelde)

Die skool het hierdie jaar vir die eerste keer aan hierdie kompetisie deelgeneem wat wat in samewerking met die Universiteit van Stellenbosch plaasvind.

Die waarde van spelling - waar pas dit in?

Taal is eie aan menswees, ons kommunikeer en interpreteer ons hele bestaan daardeur. Daarop berus ons hele samelewing en al ons instellings soos regerings, kerke, howe en skole. Ons leer gesproke taal by ons ouers en geskrewe taal meestal met behulp van ons onderwysers. Die hele samelewing daarop berus daarop, daarom is dit van kardinale belang om taal so korrek moontlik te leer verstaan, praat en skryf. Korrekte spelling is 'n

voorvereiste vir effektiewe geskrewe kommunikasie. Dit speel ′n groot rol in leerders se akademiese prestasie op skool, asook in die ontwikkeling van leerders se potensiaal om uiteindelik naskoolse opleiding te ondergaan.

Doelstellings :

1. Om leerders se taalkennis en Afrikaanse woordeskat uit te brei, en effektiewe taalgebruik aan te moedig.
2. Om die strewe na prestasie by leerders te versterk en uitnemende leerders te identifiseer.

31 Julie het meer as 40 leerders aan ’n streekskompetisie in Kroonstad deelgeneem. Nege van ons leerders dring deur na Vrystaat provinsiale byeenkoms in Bloemfontein.

Jandre van Brakel graad 1, Juliette Schoeman graad 3 en Renche Roelf graad 4 het verder aan die nasionale byeenkoms in Stellenbosch gaan deelneem. Voorwaar ’n puik prestasie.

11.6 Voortrekkers

Ons, as Naudeville Kommando, is trots om te sê hoe ons Kommando gegroei het. Ons staan tans op 96 Voortrekkerlede. Ons was baie opgewonde om die jaar af te skop waar ons ‘n kenmekaar-kamp gehou het op 27 April , waar graad 1 – 7 leerders betrokke was. Die graad 1’s het heerlik saam gekuier en daarna het die res van die voortrekkers malvalekkers gebraai en tot laat saam gekuier.

Ons as Voortrekkers reik uit na die gemeenskap en help graag waar ons kan. Daarom het ons twee insamelingsprojekte gehou. Ons het hierdie jaar blikkieskos ingesamel vir die DBV, waar die graad- 3’s die meeste ingesamel het en die DBV gaan besoek het op 28 Februarie. Ons het nog ‘n insamelingsprojek gehou op 30 Mei, waar die graad -7’s met die meeste insamelings gewen het van Goldfields Hospice, waar hulle klere en kos vir die minderbevoorregtes ingesamel het. Ons het ‘n koekverkoping gehou om fondse in te samel, wat ‘n groot sukses was.

52 van ons lede het die GGN-kamp bygewoon, waar die leerders verskeie kentekens gedoen en heerlik op die rugbyveld gekamp en geslaap het. Al was dit bibberend gewees, was dit hope pret! Ons het hierdie vakansie ook ons jaarlikse Doornkloof-gebiedskamp gehad, waar die leerders verskeie kentekens verwerf het en ‘n heerlike paar dae gekamp het op Doornkloof. Ons sien uit na volgende jaar en hoop om nog meer te groei as Kommando.

11.7 Opvoedkundige toer:

Twintig graad 7-leerders, vergesel deur mnr. Doubell, me. Doubell en me. Christabel Janse van Rensburg, het vanjaar gedurende die Junievakansie 'n opvoedkundige toer na KwaZulu-Natal onderneem. Die toer het by Bloedrivier Dundee begin en met 'n opwindende uitstappie na Umgeni Bird Park geëindig. Van die besoekpunte was onder andere, Ushaka,die Haaieraad, en Shakaland, asook Crocodile Creek. 'n Hoogtepunt op die graad 7-kalender.

11.8 Buitelugskool:

Ons graad 6-leerders het vanjaar die Serobe Avontuursentrum op die walle van die Vaalrivier buite Parys bygewoon. So ’n natuurbelewenis is belangrik vir ons hedendaagse jeug om as gebalanseerde mense te ontwikkel. Leierskap en spanwerk aktiwiteite is aangebied en leerders het ook kans gekry om onder die sterre kampvuurliedjies te sing en spookstories te vertel. Die leerders het met hulle puik gedrag as ware ambassadeurs vir ons skool opgetree. Die leerders was vergesel deur mnr. Danie Serfontein en me. Schanais van Niekerk. Die leerders geniet hierdie uitstappies terdeë en vir baie is hierdie ook die eerste geleentheid om bietjie weg te beweeg van hulle beskermde ouerhuise wat ook ’n belangrike deel word van die leerders se ontwikkeling.

12. SPORT:

12.1 Die provinsiale verteenwoordigers was:

Binne skoolverband:

Atletiek:	Zander Human	VRYSTAAT
	Marko van Jaarsveld	VRYSTAAT
	Sarah Lee Claase	VRYSTAAT
Krieket:	Elzandri Nortje	VRYSTAAT
Rugby:	Riaan Lombard	GRIFFONS 0/13 C
	Xander Human	GRIFFONS 0/12 A
	Jonathan Olivier	GRIFFONS 0/12 A
	Clayton Victor	GRIFFONS 0/12 B
Landloop:	Cara Claassen	VRYSTAAT
	Juliette Schoeman	VRYSTAAT
	Marko van Jaarsveld	VRYSTAAT
Tennis:	Elzandri Nortje	VRYSTAAT
Swem:	Rian Lombard	VRYSTAAT
Skaak:	Christiaan van Staden	LEJWELEPUTSWA
	Danè Jacobs	LEJWELEPUTSWA
	Jacobus Greyling	LEJWELEPUTSWA
	Rudo Bezuidenhoudt	LEJWELEPUTSWA
	Danè Jacobs	LEJWELEPUTSWA
Tweekamp :	Riaan Lombard	NVS
	Mianique Lombard	NVS
	Xander Human	NVS
	Juliette Schoeman	NVS
	Carla Schmidt	NVS
Hokkie :	Elzandri Nortje	NVS o/13 B
	Sarah - Leë Claase	NVS o/13 B
	Carla Schmidt	NVS o/13 B

12.2 Atletiek:

Naudeville het ‘n uitsonderlike Atletiekseisoen beleef. Na ons plaaslike kleurbyeenkoms het ons atlete aan drie opwarmings byeenkomste deelgeneem (Dagbreek, Nelsdrif en Welkom Volkskool) . Hier is pragtige resultate opgelewer.

Tydens die Goudveld-Suid Sirkel Atletiekbyeenkoms het 79 atlete deelgeneem en het Naudeville algeheel 2de geëindig.

Naudeville het ’n uitnodigingsbyeenkoms aangebied. Brandwag Volkskool, Riebeeckstad, Laerskool Nelsdrif Primêre skool en Loskuil Plaasskool het hierdie dag bygewoon. Dankie aan al ons borge wat hierdie dag moontlik gemaak het.

Dankie, aan al die personeel en afrigters wat van die 2017 seisoen weer ‘n groot sukses gemaak het.

Ons is trots op die volgende drie leerders wat in die Vrystaat Atletiekspan ingesluit is en aan die Suid Afrikaanse kampioenskap in Potchefstroom gaan deelneem het:

Xander Human
Sarah Lee Claase
Marko van Jaarsveld

12.3 <u>Hokkie:</u>

Vanjaar het ons gefokus op leerders se vaardighede en resultate kon ons raaksien in die wedstryde. Danksy vir entoesiatiese spelers en positiewe afrigters.

Naudeville spog vanjaar met ‘n totaal van twaalf hokkiespanne. Dit het goed gegaan met vanjaar se Goudveld-liga wedstryde. Naudeville het met ‘n hele paar oorwinnings weggestap. Die 0/10 span was onoorwonne gewees en het ook met die trofee weggestap tydens Welkom Volkskool se Hokkiedag. Ons sien uit om volgende jaar weer deel te wees van die liga.

Zanelle Blignaut en haar span juffrouens by die Preprimêr het vanjaar die graad R-meisies begin voorberei vir volgende jaar se hokkieseisoen. Baie dankie vir julle moeite en hardewerk met hulle! Ons waardeer dit opreg.

Naudeville wil ook laastens, 4 van ons leerders baie geluk wens. Zelda Ferreira was gekies vir die Lejweleputswa 0/12 span . Elzandri Nortje, Carla Schmidt en Sarah-lee Claase het Noord-Vrystaat 0/13 B-span behaal. Ons as skool is ook baie trots op julle. Baie geluk!

Naudeville is regtig trots op al ons hokkiespelers. Dankie vir elkeen wat die jaar so hard gewerk het om ons skool se naam hoog te hou. Ons sien baie uit na volgende jaar se hokkieseisoen.

12.4 <u>Krieket:</u>

Naudeville het vanjaar ‘n goeie krieketseisoen beleef. Twee o/9 , o/11 en o/13-spanne het aan die krieketliga deelgeneem. Twee 0/7 en een 0/8-span het ook aan die mini-krieketliga deelgeneem. Ons krieketspanne is uiters gedug en laat hulself in die liga geld.

Die volgende spelers is in die onderskeie Lejweleputswa-spanne ingesluit:

o/11 A : Rudo Bezuidenhout, Colin Basson en Hendro Boardman
o/11 B : Kyle Long en Jayden Weideman

o/13 A : Hendré Bezuidenhout, Elzandri Nortjé , Xander Human
o/13 B : Zander Theunissen

Die volgende personeel het ook die volgende take verrig gedurende die seisoen:

Mnr Danie Serfontein – Vrystaat o/11 keurder

Baie geluk en baie dankie vir jul insette en harde werk gedurende die seisoen menere.

Ons skool se o/13 A-span onderneem tydens die Oktober-vakansie hul jaarlikse toer na Senekal en behaal gemengde welslae.

Die o/11 A en o/13 A-spanne het aan die Pro-10 kriekettoernooi in Hennenman deelgeneem. o/13 A wen die bekerafdeling. Wel gedaan!!
Sewe spelers van die o/13 A-span speel tydens die laaste naweek in Oktober by Jordania in Bethlehem hul jaarlikse 7-aan-‘n-kant toernooi.

Elzandri Nortjé is ingesluit in die Vrystaat o/13 B-span. Dit is ‘n besonderse prestasie. Baie geluk!! Ons is trots op jou!!

12.5 Landloop:

Die atlete het gedurende die seisoen aan ses liga byeenkomste deelgeneem. Vroeg in die seisoen is daar reeds ‘n Lejweleputswaspan gekies wat 20 Mei 2017 aan ‘n interprovinsiale byeenkoms in Kimberley deelgeneem het.

Agt van ons atlete was ook in die Lejwelepuswaspan ingesluit wat 4 Augustus 2017 aan die Vrystaat kampioenskappe in Bloemfontein deelgeneem het.

Cara Claassen en Marko van Jaarsveld word dan ook in die Vrystaatspan ingesluit wat 9 September 2017 in Potchefstroom aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deelgeneem het.

Landloop verg baie tyd en deursettingsvermoë om sukses te behaal. Die atlete wat deelneem se fiksheid is duidelik op ’n hoër vlak, wat hulle baie help met hulle ander sportsoorte.

12.6 Netbal

In Maart het die 0/11- tot 0/13-spanne ‘n netbaltoer na Nyati, naby Brits, onderneem. Daar het die speelsters die geleentheid gehad om hulle vaardighede te verbeter. Verskeie wedstryde is ook gespeel en die spanne het goed gevaar.

Van die spanne het ook aan verskeie toernooie deelgeneem, nl. Nelsdrif, Merriespruit en Dagbreek. Die 0/12- en 0/13-spanne het aan die Odensia-aandreeks deelgeneem en het goeie rekenskap van hulself gegee. Baie geluk aan die 0/13-span wat die wenners van die plaatafdeling was.

Baie geluk aan Chanel Swart (0/13), Luané Louw (0/12) en Zelda Ferreira (0/12) wat in die Lejweleputswaspan ingesluit is wat aan die Vrystaatproewe deelgeneem het.

Dankie aan elke afrigter vir hulle harde werk en ook aan elke ouer wat behulpsaam was met die vervoer van spelers na die wedstryde.

12.7 Rugby

Naudeville het vanjaar ‘n skitterende rugbyseisoen beleef. Afrigters se harde werk en die seuns se entoesiasme was duidelik sigbaar tydens die seisoen.

Gedurende die Maart/April vakansie onderneem die 0/9A span ‘n rugbytoer na Konka. Die 0/11A en 0/13A spanne onderneem ‘n suksesvolle toer na Klerksdorp.

Die o/9A rugbyspan het ook vir die eerste keer aan Kyknet se Rugbyramme kompitiesie deelgeneem. Hul het die eerste been van die kompitiesie op Hartswater gewen en ongelukkig in die Semi-finaal in Pretoria net-net verloor. Die seuns het hierdie ervaring baie geniet.

Naudeville het vir die eerste keer hierdie jaar n B-span dag aangebied om aan ons b-spanne meer wedstrydgeleenthede te gee. Hierdie dag was n groot sukses en ons is al reeds besig om volgende jaar se dag te beplan. Baie dankie aan al die borge wat hierdie dag moontlik gemaak het.

Naudeville het weereens bewys dat ons een van die top skole in die Goudveld is. Die 0/9 en 0/11 en 0/13 A spanne het almal in die uitspeelwedstryde vir hul onderskeie ligas gespeel.

Die o/9 span vorder tot in die finaal van hul liga. Ons o/11 en o/13 B spanne het hul onderskeie ligas gewen. Baie geluk aan hierdie spanne.

Die spelers het ook baie blootstelling gekry deurdat ons aan verskeie rugbydae deelgeneem het, naamlik: Nelsdrif Sportdag, Dagbreek Grootmandag en St Helena 0/11 rugbydag.

Naudeville het ook die Nelsdrif 0/12 dag gewen.

Die volgende seuns verdien melding vir hul insluiting in provinsiale spanne die seisoen:

Griffons o/12 A-span – Xander Human en Jonathan Olivier
Griffons o/12 B-span – Clayton Victor
Griffons o/12 C-span – Riaan Lombaard

Baie dankie aan al die afrigters vir die tyd wat julle opgeoffer het om dit 'n suksesvolle seisoen te maak. Julle entoesiasme, positiewe gesindheid en lojaliteit teenoor ons skool en leerders gaan nie ongesiens verby nie.

12.8 Skaak

Skaak se sjarme lê in sy verstandelike produktiwiteit. Dit bring die grootste vreugde van die menslike bestaan mee. Dit is 'n opvoedkundige werktuig, dit ontwikkel die brein, leer 'n mens om gedissiplineerd te dink en om 'n probleem uit te redeneer.

Vanjaar was daar 'n Junior- en Seniorspan vir die liga ingeskryf. Die Junior skaakspan wen die liga vir 2017 en die Seniorspan eindig derde.

Die volgende skaakspelers is gekies vir die Lejweleputswa skaakspan. Hulle neem deel aan die SA Kampioenskappe wat 3 – 12 Januarie 2018 in Boksburg plaasvind.

Jenna-May Matthysen
Christiaan van Staden
Rudo Bezuidenhout
Dane Jacobs
Duan Jacobs
Jacobus Greyling

12.9 Swem

2017 was weereens 'n fantastiese jaar, waar ons swemmers op skoolvlak en nasionale vlak goed presteer het.
Die jaar se prestasies is deur 'n boetie en sussie, Rian Lombard en Mianique Lombard verower.

Die prestasies vir 2017 is soos volg:

Rian Lombard het op Junior Youth Nationals deelgeneem, wat 'n baie groot prestasie was. Hy was ook tydens die NVS Laerskole swemgala 2017, as Victor Ludorum aangewys (die algehele beste seuns-swemmer tydens gala).
Mianique Lombard het aan vlak 2 deelgeneem, wat 'n besonderse prestasie was en het uitmuntend in haar moeilike ouderdomsgroep presteer . Sy was ook tydens die NVS Laerskole swemgala 2017, as Victorix Ludorum aangewys (die algehele beste dogters-swemmer tydens gala).
Dit is vir ons Naudies 'n groot voorreg om hierdie twee swemmers hierdie erkening te gee, hulle het so hard daarvoor gewerk. Rian verlaat ons skool as Gr.7 leerder, maar moet nie bekommerd wees nie, want die jaar 2018 maak ons weer so!

12.10 Tennis

Naudeville het weereens vanjaar uitgeblink met puik tennis!

Die graad 1's en 2's speel elke tweede Maandag vriendskaplike wedstryde. Hier word die spelertjies bloodgestel aan die idee van wedstryd speel ... maar die hoofdoel is om pret te hê en 'n liefde vir tennis te kweek.

Ons is baie trots op ons Senior Seuns B-span, Junior Seuns A-span en Junior Seuns C-span wat hulle onderskeie ligas gewen het!
Soos in die verlede het verskeie spelers hul plekkie op die Goud/Sand-ranglys behaal.

Geluk ook aan Janco Ferreira, Dylan van Loggerenberg, John-Henry Burrows, Hendre Bezuidenhout, Christopher Snyman, Zander Theunissen en Elzandri Nortje, wat in die Noord-Vrystaat spanne ingesluit is!

Ons is baie trots op Elzandri Nortjé wat weereens ingesluit is in die Vrystaatspan.

13. GRONDSLAGFASE

Gedurende 2017 het die Grondslagfase gespog met 4 klasse in graad 1 en 3 klasse elk in graad 2 en 3 . Vanaf 2018 sal daar dan ook 4 Graad 2 klasse wees.

Gedurende 2017 was daar 3 assistente wat tussen die klasse roteer het.
Die assistente het dan ook soos volg daar uitgesien : Graad 1 : Mej. Michelle Cary-Smith; Graad 2 : Me. Rita Meyer en in Graad 3 : Me Serina Potgieter.

Dit is reeds die sesdejaar wat die Kurrikulum en Assesseringsbeleidsverklaring geimplimenteer is. Werk van 'n hoë standaard word in die Grondslagfase gedoen en ons is werklik trots op elke Grondslagfasedame wat met groot ywer, baie harde werk en toewyding elke dag hul taak nougeset uitvoer. Die Departement van Onderwys het 'n nuwe vakadviseur aangestel vir die Grondslagfase : Me. Wilna Marx. Sy het verskeie besoeke afgelê aan die onderskeie grade om ons behulpsaam te wees met aspekte van ons werk. Sy het ook ons skool in September besoek en klasbesoek gedoen, waarna ons verslae ontvang het.

In ons beplanning van die werk is ons uitgangspunt die KAFS DOKUMENT in samewerking met die Departementele boeke en die Platinum Reeks. Sodoende poog ons om die werk aan ons leerders na die beste van ons vermoë oor te dra en om aan hulle 'n goeie en wye verskeidenheid van werk te bied.

13.1 Graad 1

Met die aanvang van die Graad een leerdertjies se skooljaar het ons baie intensief gekonsentreer op die ontwikkeling van die leerders se perseptuele ontwikkeling as uiters belangrike deel van ons Grondlynassessering. Die ouers het reeds vroeg 'n verslag ontvang wat aangedui het watter uitvalle die leerdertjies het en aanbevelings vir verdere hulp is aan die ouers deurgegee. Daar is ook spesiale oefeninge aan die ouers gestuur om 'n tuisprogram met die leerders te doen. Ekstra hulpverlening, arbeidsterapie, Me. Zanelle Blignaut - arbeidsterapeut, spraakterapie, spelterapie en sielkundige hulp is voorgestel afhangende van die leerder se spesifieke behoefte. Ouers wat dadelik reageer op hierdie aanbevelings, pluk sommer al in die derde kwartaal die positiewe vrugte hiervan.

Die inhoud van die werk is baie interessant en die leerders reageer soos "sponsies" op die inhoud. Ons begin al vroeg "lees" en "skryf" in die A4 lyntjies- boeke van al vier ons vakke, nl. Afrikaans (Huistaal) Engels (Eerste Addidionele Taal), Wiskunde en Lewensvaardigheid. Ons werk ook gereeld in 'n Bybelboekie wat aansluit by die Bybelstories wat ons vir die leerder lees. Hierdie werkies geniet hulle terdeë. Baie Grootboeke vir ontwikkeling van lees word in Afrikaans en Engels gebruik asook 'n groot aantal konkrete hulpmiddels waarsonder onderrig glad nie moontlik is nie. Die leerders ontvang ook onderrig in 'n derde taal en het 2 keer per week onderrig in Suid-Sotho. Suid-Sotho is nie deel van die formele assessering nie. Suid-Sotho word aangebied deur Me. Clarise van Breda
Gedurende 2017 is die graad 1 leerdertjies blootgestel aan verskeie interessante en leersame temas in Lewensvaardigheid. Goeie waardes, beleefdheid, en goedhartigheid teenoor maatjies is elke dag hoog op die prioriteitslys om die leerders voor te berei vir hul plek in die samelewing. Die leerders kry ook die geleentheid om skeppend te wees in

kunsaktiwiteite en ook deur uitvoerende kunste soos drama, mimiek en verskillende voorstellings
Die graad 1 leerders ontvang weekliks twee periodes rekenaarklasse, twee periodes Liggaamlike Opvoeding, twee periodes kuns en 1 periode N4J(NAUDIES VIR JESUS.

Leerders in Graad 1 word gereeld en volgens die departementele voorskrifte geassesseer om hul vordering te bepaal. Hulle skryf ook elke kwartaal Departementele vraestelle en alle punte word na die Departement gestuur vir evaluering. Dit is met groot trots dat ons kan sê ons leerder vaar uitstekend met hierdie toetse.

13.2 Graad 1 – dag

Die graad 1-dag is gehou op 1 September 2017 en het die opwindende tema van "Voëls" gehad. Soos in die verlede was die reklame span van die begin gerat en baie hard aan die werk. Baie moeite is gedoen om die reklame materiaal so interessant, aanskoulik en kleurvol as moontlik te maak. Helder, kleurvolle plakkate is by verskeie besighede opgesit. Alle voornemende leerders van al die speelgroepies en skooltjies het pragtig ontwerpte uitnodigings ontvang. Elkeen het ook 'n pakkie ontvang met 'n koekie waarop hul die mooiste voëls met koekkleursel kon verf. Mnr. Doubell het Me. Zanelle Blignaut en Mr. Krappe Labuschgane vergesel met die uitdeel van die uitnodigings en saam met hulle was graad een leerdertjies aangetrek soos voëls. Baie mooi en treffende halfbladvertensie is in die Vista geplaas. Al die nodige inligting is deur middel van 'n omsendskrywe aan die ouers deurgee. Gedurende hierdie reklametyd is die Graad 1 dag elke week in die Naudienuus geplaas, sodat daar elke keer 'n Graad1-dag advertensie vir die hoogtepunt van ons skooljaar geplaas kon word. Reklameborde is ook op die lamppale naby die kleuterskole opgesit. Mnr Krappie het baie moeite gedoen met ons reklame en ons sê baie dankie vir hom.

Die verhoog is versier met pragtig geverfde voorstelings van lewensgrootte en kleurvolle voëls. Die nuwe Graad eentjies het hul verkyk aan die pragtige "voël" voorstellings. Die skool- en sportklere is op 'n baie kreatiewe manier saam met die sportaktiwiteite in die vierkant voorgestel. Voornemende ouers kon mooi sien wat hul vir hul kinders benodig vir graad 1, asook aan watter sportsoorte die Graad 1-leerdertjies kan deelneem. Die werk wat die GF leerders deur die jaar doen is uitgestal. Dit was indrukwekkend en ongelooflik om na die groot hoeveelhede werk wat in die Grondslagfase gedoen word, te kyk!
Die koor en spreekkoor het vir 'n luisterryke item gesorg wat almal baie geniet het. Die visuele aanbieding met al die inligting oor die aktiwiteite by die skool, tesame met 'n inligtingsboekie het die ouers 'n baie volledige beeld gegee van die gehalte onderwys, akademies, sowel as op sport en kultuurgebied, wat hul kinders by Naudeville kan ontvang. Sodoende is hul keuse vergemaklik om hul kinders aan toegewyde onderwysers by Naudeville toe te vertrou.

Die ouers, sowel as die voornemende graad eentjies, het die klasse besoek. Me. Zanelle Blignaut en Mnr Krappie en assistente het die leerders met 'n opwindende aktiwiteite en speletjies besig gehou. Die nuwe Graad eentjies het ook na 'n pragtige duiwe vertoning gekyk, wat deur een van ons oupas, Mnr Thys Engelbrecht, aangebied is. Die nuwe graad eentjies kon ook elk 'n rit op 'n waentjie om die rugbyveld meemaak. Elke leerder het 'n "verkykertjie" ontvang en pragtige "kinder-voëltjies" het hul op hul reis vermaak. Elke leerdertjie het 'n werkboekie, denim potloodsakkie en 'n boksie, versier met ons voël-tema", met lekkers ontvang.

'n Groot aantal ouers en voornemende leerders het hierdie oggend bygewoon en die dag is op gesellige wyse buite voor die personeelkamer afgesluit Elke ouer het dan ook 'n baie mooi NAUDIE -sleutelhouertjie ontvang.

13.3 Liggaamlike Opvoeding

Ons by die Grondslagfase is in die baie bevoorregte posisie, dat met die hulp van ons arbeidsterapeut, Me Zanelle Blignaut,die L.O. op 'n hoogstaande vlak aangebied word. Die programme en assessering word volgens die voorskrifte van die kurrikulum gedoen Die leerders kry dan hier die geleentheid om fisies te ontwikkel, wat weer verder 'n baie positiewe effek het op die holistiese ontwikkeling van die Grandslagfase leerder.

13.4 Graad 2

In graad 2 werk ons elke dag lekker hard en geesdriftig. Ons werk elke dag uit die departementele "Reënboogboeke" en werk dan ook soms ekstra werkvelle en oefeninge uit die Platinum-reeks by! Sodoende verseker ons dat nuwe werk deeglik ingeoefen en vasgelê word. Daardeur maak ons ook voorsiening vir elke leerder se individuele behoeftes en vermoëns.

In die graad 2-jaar lê ons in Geletterdheid baie klem op leesvaardighede. Leerders lees saam uit die Grootboeke en daar word daagliks 'n kort leesstukkie as klas saamgelees. Leerders kry daagliks sigwoorde om te oefen en moet ook elke dag uit hul leesboeke lees vir huiswerk.
Verder begin ons om lopende skrif aan te leer. Leerders geniet dit baie veral as ons begin om woordjies te skryf.

Ons taalvaardighede word ontwikkel as ons van sinonieme, antonieme en meervoude leer. Ons oefen ook baie om sinne in die verlede tyd te skryf en om leestekens reg te gebruik.

In Wiskunde leer ons nie net om te tel en met getalle te werk nie. Ons ontwerp en voltooi patrone en leer om 2D en 3D vorms te herken. Ons oefen om afstand, tyd, volume en lengte te meet en om grafieke te interpreteer en te voltooi.

Engels as eerste addisionele taal is vir die leerders heerlik. Ons luister, vertel, lees en skryf in graad 2 in Engels. Dit is wonderlik om te sien hoe die graad 2's ontwikkel en aan die einde van die jaar in staat is om hulself met selfvertroue in Engels uit te druk.

Ook Suid-Sotho as tweede addisionele taal word deur elke graad 2 geniet. Leerders kan nou al in Sotho groet, tel, die vorms en kleure benoem en hulle ken ook reeds sekere diere, vrugte en groente se name.
In graad 2 is elke dag gevul met leer en pret. Dis ook 'n emosionele reis en aan die einde van die jaar groet elke juffrou haar graad 2-leerdertjies met 'n seer hart, maar ons weet hulle is gereed en sterk genoeg vir alles wat in graad 3 op hulle wag!

13.5 Graad 3

Graad 3, die finale jaar van die grondslagfase, word gekenmerk deur 'n groot verskeidenheid van interessante programme, aanleer van verskeie vaardighede en goeie waardes. Graad 3 is dan die jaar waarin leerders hulself voorberei vir die intermediêre fase.

Gedurende 2017 is die verpligte KAVS program vir die sesde jaar aangebied. Al die skriftelike werk word in skryfboeke gedoen. Die leerders leer om netjieser te skryf en hul skryfvaardighede te verbeter. Hul leer ook om in die Reënboogboeke (departementele boeke) te skryf sonder lyntjies en om in die lyne te skryf in hul skriftelike boeke.

In Afrikaans word leerders blootgestel aan 'n groot verskeidenheid van luisteraktiwiteite bv. Luister met genot en respek vir 'n ander leerder wat praat, asook om die feite in die regte volgorde te rangskik. Ons leerders skryf aan die begin van die jaar in twee lyntjies . In die derde kwartaal skryf ons al ons werk in twee lyntjies in lopende skrif. In die vierde kwartaal is leerders baie opgewonde, want dan skryf ons slegs in BLOUPEN, in een lyntjie en in lopende skrif. Hul skryf ook hul EIE huiswerk af met hulle pen. Dus word hulle voorberei vir die intersen fase.

Ons leer ook taalvaardighede soos ontleding van woordsoorte , meervoude, verkleinwoorde, sinonieme, trappe van vergelyking, bevelsinne, vraagsinne, stelsinne en nog vele meer.

Ons gebruik die Oxford leesreeks waaruit leerders elke middag hul lees kan oefen en bemeester. In graad 3 gebruik ons ook 'n groot boek om saamlees te bevorder. Hul geniet dit vreeslik om saam uit die groot boek te lees.

In die KAVS program vir graad 3 word die leerders blootgestel aan ‘n groot verskeidenheid nuwe woorde, spelwoorde, sigwoorde en lettergreepverdeling.

Engels as Eerste Addisionele Taal lê klem op die aanleer van “new words” (nuwe woorde) “phonics” (spelwoorde), “sight words” (sigwoorde) , “present and past tense” , “words of comparison”, “plurals”, “opposites” ens. Kinders word aangemoedig om Engels te lees, praat en skryf. Leerders ontvang ook op ‘n gereelde basis ‘n Engelse leesboekie wat hul baie geniet en hul leesvaardighede versterk.

In Wiskunde tel ons aan die einde van die graad 3- jaar tot by 1000. Leerders doen vermenigvuldiging en deel en TE, HTE, DHTE met en sonder oordrag en ontlening. Leerders doen getalle en bewerkings bv. Hulle leer om rande te herlei na sente asook om hul kleingeld uit te werk. Ruimte en vorm sluit breuke in. Meting wat massa, lengte en tyd insluit. Leerders kry geleentheid om goed te meet, skat en weeg. Leerders werk met die horlosie en kalender. Leerders moet vrae beantwoord as dit by datahantering kom.

Lewensvaardigheid met die nuwe KAVS stel die leerders bloot aan eie persoonlike ontwikkeling, aanleer van sosiale vaardighede, gesondheids bevordering en liggaamlike ontwikkeling. Ons is baie bevoorreg om ‘n arbeidsterapeut (mev. Blignaut) by ons skool te hê, wat ons liggaamlike ontwikkeling vir ons aanbied.

Die werk wat ons gedurende die twee weke doen, word saamgevat en die derde week skryf ons toets oor die werkies wat in berekening gebring word vir die kwartaalpunt op die rapport. Ons assesseer deurlopend werk wat in die klas gedoen word. Hierdie punte vorm ook deel van die leerder se punte op die rapport. So word die Gr. 3 -leerders tydens verskeie geleenthede en maniere geassesseer.

14. SIMPATIE

Gedurende die jaar het van ons personeel, ouers en kinders, geliefdes aan die dood afgestaan. Wees verseker dat u in hierdie moeilike tye altyd in ons gebede was. Ons innige simpatie en meegevoel met u verlies.

15. NAUDEVILLE Sê DANKIE

* Baie dankie aan die Lejweleputswa Distrikskantoor vir dienste gelewer aan ons skool. ‘n Spesiale woord van dank aan mnr. L.I. Mahoke vir sy ondersteuning en bystand.
* ’n Groot word van dank aan die Beheerliggaam. In die begin van 2018 sal die nuwe BL.-verkiesing plaasvind. Aan die huidige lede wil ons ’n groot woord van dank uitspreek. Dankie dat julle altyd in belang van die skool opgetree het.
* Baie dankie ook aan ons ouers. U maak ons sterk – u ondersteuning en die feit dat u die paadjie saam met u kind stap, maak dit vir ons maklik en maak ons ‘n **Wenskool! Baie dankie!**
* Die laaste dank kom die Here toe! “...God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?”

“EK IS DIE WEG, DIE WAARHEID EN DIE LEWE.”
(Joh. 14 vers 6)

_____
T.B DOUBELL
SKOOLHOOF